

Jongmense: Dit is hoe 'n finansiële plan lyk

Begin reeds vroeg
in jou lewe om te
spaar dat dit klap

Nico van
Gijzen



Raad met jou rande

My rubriek van voorverlede Sondag, "Beleggingsplan vir jongmense", het heelwat reaksie van lesers (en kliënte) ontlok.

Ek wil vandag van die vrae, ter wille van ons beperkte ruimte, saamvoeg en kyk na 'n basiese voorstel wat kan dien as 'n finansiële plan vir jongmense.

Neem tog net kennis dat ek noodgedwonge moet veralgemeen. Mense se vermoëns verskil. En mense se doelwitte verskil. Maar kom ons probeer.

Net eers iets in die algemeen na aanleiding van 'n lesers en 'n kliënt se vrae.

Die lesers skryf dat ek in daardie rubriek voorgestel het dat jongmense moet begin spaar met so 20% van hul salaris. Dit ingesluit die 15% wat reeds (in die algemeen) in 'n werkgeversfonds gespaar word.

Sy seun werk vir homself. Hy is nie lid van 'n werkgeversfonds nie. Hoe nou ge-
maak?

Dit verander eintlik niks. Die seun kan eenvoudig daardie 15% in 'n eie uitree-
annuïteit (UA) spaar. Hy kan tot 27,5%
van sy inkomste so spaar, maar kom ons
begin klein.

En die res tot by die voorgestelde 20%
in 'n diskresionêre belegging, wat hom
darein in nood toëngereed tot die geld sal
gee.

Terloops, met die nuwe twee-pot-bena-
dering wat vanaf September geld (lees
kassie hierlangs), sal hy ook toegang hê
tot een-derde van die geld in die UA sou
die geldnood regtig druk (maar vir my is
dit regtig 'n laaste, heel laaste, opsie).

Die groot verskil tussen hierdie geval
en iemand wat lid is van 'n werkgever-
aftreefonds, is dat laasgenoemde ook risi-
kodekking bied. As jy nie tot so 'n fonds
behoort nie, moet jy dit addisioneel be-
kom.

Die opmerking van die kliënt het my
byna van my stoel af laat val. Haar dog-
ter spaar nie. En as sy met haar daaroor
praat, dan sê sy glo, ja, maar ek gaan da-



Aftreegeld en die twee-pot-plan

Vanaf 1 September vanjaar geld die nuwe
reëls met betrekking tot die sogenaamde
twee-pot-benadering tot jou aftreefonds-
geld.

Dit sluit in jou spaargeld in 'n uit-
tree-annuïteit (UA).

Die dryfveer agter die twee-
pot-benadering was die Covid-
pandemie wat baie mense in gel-
delike nood laat beland het, ter-
wyl hulle nie by hul aftree-spaargeld
kon uitkom nie.

Met die twee-pot-benadering word jou
aftreegeld in "twee potte" verdeel. 'n Derde
in 'n "spaarpot" en twee-derdes in die "af-
treetpot".

Jy het een maal per jaar, met 'n mini-
mum bedrag van R2 000 per keer, toegang
tot die geld in die "spaarpot", sou jy in

geldnood verkeer.

Die geld in die "aftreetpot" word behou
tot by aftrede.

Goed in 'n sekere sin. Die geld in die "af-
treetpot" is vir aftrede. Die meeste men-
se het 'n geldtekort by aftrede.

Goed ook met toegang tot die
"spaarpot". Wie wil nou honger ly,
terwyl daar van jou geld èrens vas-
gevang lê?

Onthou net, sou jy geld onttrek voor
aftrede, is dit belasbaar teen jou marginale
koers en nie die meer gunstige belasting-
koerse wat by aftrede geld nie.

Dit sal waarskynlik ook 'n hoër koers
wees as die belastingvoordeel wat jy gekry
het toe jy gespaar het.

Moet dus nie te gou opgewonde raak
hieroor nie.

Nog
raad

rem as ma doodgaan so 'n miljoen rand
of wat erf.

Nou ja, dit is nie veel meer as 'n skaffi-
ke salaris vir 'n jaar nie. En dan wat?

Boonop, en dit weet ek deur oor jare
te let op wat om my aangaan, erfgeld
kom met 'n paar hardlooptekkie aan. As
jy jou oë uitvee, is die geld weg.

Vergeet van erf, sorg vir jouself

En hier is die plan.

Spaar. Spaar dat dit klap. Spaar meer
as wat jy op jou kar betaal. Spaar meer
as wat jy aan vakansie, kler, drankies,
sigarette (as daar nog jongmense met
verstand is wat rook) en ander blinkgoed
uitgee.

Begin vroeg in jou lewe. Net soos wat
mense eers wysheid verkry hier rondom
60 jaar oud, net so kry jou geld eers
werklik waarde as dit 'n klompie jare
lank in die beleggingsmark besig was.
Hoe langer, hoe beter. (Lees gerus weer
my rubriek van twee weke gelede).

Saam met jou spaar, of selfs voordat jy
spaar, sorg dat jy genoegsame risikodek-
king het. Dit is versekering teen daardie
gebeure waaroor jy nie beheer het nie,
maar wat al jou drome en ideale vir die
lewe binne 'n oogwink tot niet kan
maak. Soos lewens-, ongeskiktheids- en
gevreedsesiektegedekking.

As jy lid is van 'n werkgever-aftree-
fonds, sal jy waarskynlik van hierdie
voordele as deel van jou fondsvoordele
hê, hoewel ek meen dit is selde genoeg.
Maar darem.

As jy uit eie arbeid jou pot aan die
kook moet hou, is dit belangrik om risi-
kodekking deel van jou finansiële plan te
maak. En die syfers?

Genoeg lewensdekking om jou verplig-
tinge, soos skuld, na te kom. As jy ge-
trou is, om vir 'n oorlewende gade te
voorsien daarmee saam.

As daar kinders is, dan veral om hulle
deur hul kinderjare te kan versorg.

Maar dink ook aan voorsiening vir hul

studie eendag.

Daar is produkte beskikbaar vir studie-
voorsiening waar jy kan spaar (jy hoef
dus nie eers dood te gaan voor hulle kan
gaan studeer nie) en terselfdertyd jou
spaarpremies dek sou jy tog vroeg sterf.

En dan genoeg ongeskiktheidsdekking
om jou, sou jy glad nie kan werk weens
die ongeskiktheid nie, van 'n inkomste te
kan voorsien.

Plan vir as jy nie baie geld het nie

As jy nie baie geld het nie, kombineer
die sterfte- en ongeskiktheidsvoordele in
een polis, sodat sou een of die ander jou
tref, die polis sal uitbetaal. Dit is goedko-
per.

Gevreedsesiektegedekking is iets wat al-
mal, na my mening, móét hê. 'n Bedrag
gelyk aan 'n jaar se salaris is 'n goeie be-
gin.

Die waarheid is dat mediese-skema-
voordele selde die koste van 'n siekte
soos byvoorbeeld kanker kan dra.

Dit val nie net op ou mense om siek te
word nie. Hier is 'n voorbeeld.

Ek het so 'n paar jaar gelede vir 'n
kliënt, 'n boer, voorgestel dat ons verse-
kering vir sy kinders uitneem. Hulle was
toe nog in die huis. Hy het geluister.

Sy dogter het nou borskanker gekry.
Ná 'n dubbele mastektomie en chemo-
behandeling kan sy aangaan met haar le-
we.

Sy was salig onbewus van die polis wat
haar pa vir haar uitgeneem het.

Totdat ek gehoor het van haar toe-
stand. Dit was vir my as finansiële be-
planner lekker om haar toe te kon inlig
dat daar R800 000 vir haar lê en in wag.
Vir rekonstruksie. Of wat ook al.

Die punt met dit alles is dat finansiële
beplanning nie begin wanneer jy kan nie.
Die lewe wag nie. Doen dit nou.

■ Nico van Gijzen, 'n gesertifiseerde fi-
nansiële beplanner en belastingpraktisyn,
is besturende direkteur van Finlac en is 'n
lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae
aan hom stuur deur te skryf aan nico@
finlac.com